10. [11:33] Die Hoofswep van die Meerderheidsparty (mnr G Bosman) stel sonder kennisgewing voor: Dat, ondanks die bepalings van Reël 20(2), die onderwerp vir bespreking voorrang het.

Goedgekeur.

11. [11:35] Die Huis bespreek die volgende onderwerp in die naam van agb W F Kaizer-Philander:

Die versuim van die nasionale regering om toereikend aandag te skenk aan die sistemiese kwessies wat tot die vlag kindermoorde in die Wes-Kaap aanleiding gee.

Debat afgesluit.

WERKSAAMHEDE OPGESKORT OM 12:48 EN HERVAT OM 13:30.

12. [13:30] Vrae.
13. [14:31] Vrae aan die Premier sonder kennisgewing.
14. [14:52] Verklarings deur Lede.
15. [15:16] Reaksie op verklarings deur Lede deur mnr A R Winde, Premier; mnr T A Simmers, Minister van Infrastruktuur; en mnr A W Bredell, Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning.

16. [15:20] Voorstel met kennisgewing (*ooreenkomstig Staande Reël 151*).

Die Speaker doen 'n aankondiging ooreenkomstig die Staande Reël 151 dat daar vereis word dat alle voorstelle met kennisgewing deur Lede by die Sekretaris ingedien moet word om op die Ordelys geplaas te word. Hierdie voorstelle, behoorlik ingedien, sal op die Ordelys gepubliseer word.

17. [15:21] Voorstelle sonder kennisgewing (*ooreenkomstig Staande Reël 150*).

18. Me A P Bans stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die dood van Narriman Gadija Bazier Samuels, wat liefderik bekend gestaan het as “Ma G”, wat op Saterdag 1 November 2025 in die ouderdom van 60 gesterf het ná 'n dapper stryd teen hart- en borssiekte; kennis neem dat Ma G 'n geliefde gemeenskapsaktivis, ma, ouma, en gerespekteerde figuur was wat haar lewe daaraan gewy het om die mense van Mitchells Plain te dien; kennis neem dat haar onvermoeide aktivisme, medemenslikheid en onbaatsugtige gees talle inwoners se lewe geraak het en haar 'n steunpilaar en baken van hoop in haar gemeenskap gemaak het; erkenning gee aan haar merkwaardige bydrae tot gemeenskapsontwikkeling deur middel van haar leierskap vir verskeie inisiatiewe, insluitende die Loopbus-projek, die Mitchells Plain-krisisforum (MPKF), die Freedom Park-buurtwag en die inisiatief vir die Gemeenskap in Blou; kennis neem dat Ma G, selfs met haar siekte, steeds diep verbind was aan haar roeping, en dikwels gesê het: “my mense het my nodig”, wat 'n bewys was van haar onwrikbare pligsbesef en liefde vir haar gemeenskap; hulde bring aan haar krag, medemenslikheid en lewenslange verbintenis om veiligheid en eenheid in Mitchells Plain te verbeter; kennis neem dat haar vertroetelende leierskap talle geïnspireer en gemobiliseer het, en dat haar dood 'n leemte laat wat nie gevul kan word nie, in die harte van diegene wat haar geken het; en innige meegevoel betuig met haar familie en die Mitchells Plain-gemeenskap.

Goedgekeur.

19. Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en die Westridge-tiener Triston Fortune, 'n graad 10-leerder aan die Hoërskool Bergvliet, gelukwens met sy aanstelling as die Wes-Kaapse Kinderambassadeur en Adjunkpresident van die Nelson Mandela-kinderparlement; kennis neem dat Triston se prestasie 'n groot bron van trots vir sy skool, gemeenskap en die provinsie in geheel is, aangesien dit die moontlikheid vir leierskap en die burgerlike ingesteldheid van jongmense van Mitchells Plain beklemtoon; erkenning gee aan Triston se merkwaardige reis as 'n jong leier wat voortdurend 'n passie vir voorspraak en jeugbemagtiging getoon het; kennis neem dat hy as deel van sy leierskapsrol as 'n lid van die Junior Stadsraad en as Voorsitter van sy skool se Leerlingraad gedien het, waar hy getoon het dat hy daaraan toegewy is om die stemme van sy portuurgroep te verteenwoordig en om die betrokkenheid van leerders by bestuurstoesig en onderwysaangeleenthede te bevorder; Triston aanprys omdat hy sy nuwe ambassadeurskap “nie as 'n titel beskou nie, maar as 'n verantwoordelikheid” en vir sy visie om elke kind in die Wes-Kaap en in Suid-Afrika te verteenwoordig; kennis neem dat sy voorspraakvoorkeure, onderwysgelykheid, geestesgesondheidsbewusmaking en die stryd teen hongerte 'n diepe begrip weerspieël van die uitdagings wat kinders vandag die hoof moet bied, en 'n begeerte om 'n betekenisvolle bydrae te maak tot die oplossing daarvan; en kennis neem dat Triston se prestasie as inspirasie vir jongmense in die provinsie dien, en ons herinner dat ouderdom nie 'n struikelblok vir leierskap is nie en dat ons land se toekoms inderdaad in bevoegde en deernisvolle hande is.

Goedgekeur.

20. Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en Moied Baleb, 'n graad 12-leerder aan die Hoërskool Settlers in die Wes-Kaap, gelukwens met sy merkwaardige prestasie as die algehele wenner van die Old Mutual Suid-Afrikaanse Wiskunde-olimpiade; kennis neem dat Moied, wat uit meer as 115 van die land se beste deelnemers in graad 10 tot graad 12 gekies is, homself met sy uitmuntende wiskundige talent en volharding onderskei het, en die vooraanstaande goue Dirk van Rooy-medalje verwerf het; kennis neem dat sy uitmuntende prestasie 'n groot bron van trots is, nie net vir sy skool en familie nie, maar ook vir die groter Wes-Kaap en die land; kennis neem dat Moied se sukses die krag van harde werk, sterk mentorskap en die noodsaaklike rol van toegewyde opvoeders en instellings beklemtoon om jong wiskundige breine te ontwikkel; en sy prestasie loof en hom baie sukses toewens met die res van die akademiese reis.

Goedgekeur.

21. Mnr B N Ngqentsu stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die tragiese dood van mnr Mzukisi Zwakala, 'n taxi-eienaar wat op 'n wrede wyse in Lwandle doodgeskiet is; kennis neem dat mnr Zwakala met talle skietwonde aan sy kop en liggaam in sy voertuig gevind is, in 'n aanval waarin twee ander mense, insluitende 'n vrou, beseer is; kennis neem dat sy ontydige dood die plaaslike gemeenskap en die groter taxibedryf in skok gelaat het, wat weer eens die verwoestende impak van die voortslepende geweld in die sektor beklemtoon; innige meegevoel betuig met mnr Zwakala se familie, vriende en kollegas, en erkenning gee aan die groot verlies vir almal wat hom geken het; en verder die sinnelose geweldsmisdade veroordeel wat voortgaan om die taxibedryf te teister, lewensbestaan ondermyn en operateurs sowel as pendelaars se lewens in gevaar stel.

Goedgekeur.

22. Mnr B N Ngqentsu stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en Loukmaan Adams, dr Isaac Balie, Thandi Swartbooi, Joline Young, Nkosikho Juqu, Marco Olivier, Charmain Plummer, Eleanor Damon, Mxolisi Patrick Holo Mtshamba en Fanie Jason hartlik gelukwens met hul welverdiende erkenning by die Wes-Kaapse Kultuur-toekennings 2025; kennis neem dat hul merkwaardige bydrae, van Loukmaan Adams se musikale innovering, dr Balie se lewenslange verbintenis tot erfenis, en Thandi Swartbooi se onvermoeide werk om inheemse danse en musiek te beskerm, tot die baanbrekerswerk vir beskermingspogings, gemeenskapsbemagtiging en kreatiewe uitnemendheid wat deur al die pryswenner verteenwoordig word, ons provinsie en sy kultuurerfenis werklik verryk; die groter groep wenner – wat op uiteenlopende gebiede insluitende die kunste, kultuur, taal, erfenis, biblioteke, museums en argiewe vereer is – vier as individue wat, deur middel van hul kreatiwiteit en toewyding, die lewendige gees van ons gesamentlike reis “uit die donker na die lig” weerspieël; en kennis neem dat hul prestasies bevestig dat kultuur nie net 'n weerspieëling van ons samelewing is nie, maar die hartklop is wat ons almal inspireer om voort te gaan om sy groei vir toekomstige geslagte te bevorder.

Goedgekeur.

23. Mnr B N Ngqentsu stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis van neem en Lelethu Jikela van Khayelitsha gelukwens met sy uitnemende prestasie nadat hy as die wenner in die kategorie Gemeenskapsontwikkeling by die Suid-Afrika-toekennings vir die Veertig onder 40 aangewys is; kennis neem dat hierdie erkenning 'n sterk bevestiging is van meer as 15 jaar se toegewyde werk van die Jikela Studios, wat musiek, kultuur en mentorskap gebruik om jongmense, vroue en mense met gestremdhede in onderbefondsde gemeenskap-

pe te bemagtig; kennis neem dat Lelethu se reis, van plaaslike verhoë na nasionale toejuing, nie net sy persoonlike toewyding vier nie, maar ook die transformerende krag van kreatiwiteit beklemtoon wat in gemeenskap gevestig is; sy visioenêre leierskap en ambisie aanprys, insluitende sy doel om 'n musiekskool in Khayelitsha te stig; en hom voortgesette sukses toewens terwyl hy volhoubare geleenthede vir jong kunstenaars bou en help om die kultuurekonomie is ons land te hervorm.

Goedgekeur.

24. Me P Z Lekker stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en mnr Dan Marokane, Uitvoerende Groepshoof van Eskom Beherend MSB Bpk, gelukwens nadat hy as die *Sunday Times* se Sakeleier van die Jaar aangewys is, wat een van Suid-Afrika se vooraanstaande erbewys in korporatiewe leierskap is; kennis neem dat hierdie erkenning sy visionêre rentmeesterskap en onwrikbare verbintenis tot Eskom se hernuwing vier, wat gekenmerk word deur vordering om energiesekerheid te herstel, openbare vertroue weer op te bou en die organisasie na volhoubaarheid op die lang termyn te lei; kennis neem dat mnr Marokane se leierskap veerkragtigheid, integriteit en 'n gesamentlike doel weerspieël, wat eienskappe is wat voortgaan om vertroue in Eskom se omkeerreis te bou; kennis neem dat sy besluit om die toekenning aan elke Eskom-werknemer op te dra, sy inklusiewe en transformerende leierskapstyl beklemtoon; mnr Marokane se uitmuntende prestasie loof; en hom voortgesette sukses toewens namate hy pogings lei om Eskom te omskep vir 'n beter en helderder toekoms vir alle Suid-Afrikaners.

Goedgekeur.

25. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy innige meegevoel uitspreek ná die dood van mnr Alfred Rietmann, 'n kreatiewe en veerkragtige kunstenaar, 'n gesiene mentor en 'n skitterende teaterpraktisyn by Kunstekaap; kennis neem dat mnr Rietmann se bydrae tot die gemeenskap vir uitvoerende kunste in die Wes-Kaap 'n blywende nalatenskap van uitnemendheid en inspirasie nalaat; kennis neem dat sy werk talle jong kunstenaars opgehef het en die kultuurlewe in ons provinsie verryk het; en innige meegevoel uitspreek teenoor sy familie, vriende en kollegas. Mag sy merkwaardige gees in vrede rus.

Goedgekeur.

26. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat die Helderberg-ondersteuningsgroep vir Beroerte ("Helderberg Stroke Support Group" of HSSG) sy Beraad vir Bewusmaking oor Beroerte op Saterdag 25 Oktober 2025 in Somerset-Wes gehou het, in samewerking met die Privaat Hospitaal Busamed Paardevlei, om aandag te skenk aan een van Suid-Afrika se grootste oorsake van gestremdheid; verder kennis neem dat die beraad by die hospitaal se nuwe fasiliteit vir geesteswelstand, Thrive, gehou is in afwagting van Wêreldberoortedag op 29 Oktober; erkenning gee aan die HSSG se bydrae oor die afgelope 40 jaar om 'n ondersteuningsnetwerk te bou vir individue in die Helderberg-streek wat deur beroerte geraak is, wat op programme vir voorkoming, opvoeding en rehabilitasie fokus; en die HSSG, sy vennote en vrywilligers aanprys vir hul voortgesette toewyding om gemeenskapsgesondheid en bewusmaking oor beroerte te verbeter.

Goedgekeur.

27. Mnr P Johnson stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Swartland-gemeenskapskadetgroep, onder leiding van President Chantal Snell, gelukwens met hul uitmuntende prestasie by die Nasionale Kampioenskappe vir Suid-Afrikaanse Skoolorkesverenigings wat

in Durban gehou is; kennis neem dat die gemeenskapsgebaseerde groep wat uit 20 lede bestaan, die Swartland sowel as die Wes-Kaap met trots verteenwoordig het, en die Goue Sertifikaat vir die Beste Gemeenskapsorkes ontvang het ten spyte daarvan dat hulle teen skole meegeding het wat groter is en meer hulpbronne het; verder kennis neem van hul toewyding om hul eie geld in te samel en meer as 1 600 km te reis om deel te neem; en die kadette aanprys omdat hulle die waardes van spanwerk, dissipline en vasberadenheid uitleef, en steeds die plaaslike jongmense deur middel van musiek en betrokkenheid in die gemeenskap inspireer.

Goedgekeur.

28. Mnr N P Masipa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die tien jongmense van Nyanga gelukwens nadat hulle die Thrive-opleidingsprogram vir somatiese ingryping suksesvol voltooi het, en die eerste kohort “Thrive-inisieerders” geword het wat daartoe verbind is om afknouery en geweld by hul skole en in hul gemeenskappe die hoof te bied; kennis neem dat hierdie program jongmense met noodsaaklike instrumente toerus vir selfbewustheid, emosionele intelligensie en kommunikasie, en hulle dus bemagtig om met empatie te lei en konflik in begrip te verander; erkenning gee dat hierdie jong leiers ’n sterk voorbeeld in Nyanga stel – wat toon dat betekenisvolle verandering by jouself begin – en dat genesing, respek en leierskap uit die hartjie van die gemeenskap self kan groei; Thrive en sy stigter, Brian Segal, aanprys omdat hulle in transformasie belê wat deur die jeug aangedryf word, en omdat hulle help om veiliger, sterker en veerkragtiger gemeenskappe in die Wes-Kaap te bou.

Goedgekeur.

29. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die 1st Somerset-Wes-kompanjie se Seunsbrigade gelukwens met die viering van sy 90ste herdenking op Sondag 27 Oktober 2025, met ’n gedenkopmars deur Somerset-Wes; kennis neem dat die geleentheid ook die 142ste Stigtersdag van die Seunsbrigade-beweging in Suid-Afrika herdenk het, met deelname deur agt Wes-Kaapse eenhede; en die Seunsbrigade aanprys vir 135 jaar se jeugontwikkeling en gemeenskapsdiens in Suid-Afrika.

Goedgekeur.

30. Mnr P Johnson stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Wes-Kaapse leerders en onderwysers gelukwens wat 14 toekennings by die Nasionale Vaardigheidskompetisie 2025 in Johannesburg gewen het; kennis neem dat hierdie nasionale geleentheid, wat deur die Sasol-stigting en die Kagiso-trust aangebied is, uitnemendheid in tegniese en beroepsgerigte onderwys ten toon gestel het; ons leerders en onderwysers vir hul uitmuntende prestasies en Nathan Joseph vir sy leierskap aanprys; en, gedurende Nasionale Onderwysermaand, erkenning gee aan die toewyding van onderwysers wat uitnemendheid by ons skole inspireer.

Goedgekeur.

31. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Helderberg-krieketklub (“Helderberg Cricket Club” of HCC) gelukwens met hul puik oorwinning met sewe paaltjies teen die Kensington-krieketklub in ’n Eerste Liga C-kragmeting op Saterdag 25 Oktober 2025 by die Helderzicht-sportterrein; kennis neem van die span se briljante bouterwerkvertoning, wat tot ’n beslissende en welverdiende oorwinning gelei het; en die spelers, afrigters en bestuur van die HCC aanprys vir hul voortgesette toewyding aan uitnemendheid in sport en gemeenskapstrots.

Goedgekeur.

32. Mnr D W Bryant stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Wes-Kaapse Regering gelukwens met die bekendstelling van sy Strategie vir Waterveerkragtigheid (2025-2035), 'n grensverskuiwende plan om die provinsie se watertoekoms te beveilig deur middel van volhoubaarheid, innovering en samewerking; verder Minister Anton Bredell, Minister Tertius Simmers en Minister Ivan Meyer gelukwens met hul visionêre leierskap om 'n strategie te ontwikkel wat nie net noodsaaklike waterbronne beskerm nie, maar ook ekonomiese groei, werkskepping en gemeenskapswelstand ondersteun; kennis neem dat die plan ambisieuse doelwitte stel om watervoorsiening uit te brei, doeltreffendheid te verbeter en toe te sien dat alle munisipaliteite gemengde en volhoubare waterbronne het; en die Wes-Kaapse Regering aanprys omdat hy proaktiewe stappe doen om veerkragtigheid teen droogtes en vloede te bou, landbou te beskerm en toe te sien dat elke inwoner toegang tot skoon en betroubare water vir die volgende geslagte het.

Goedgekeur.

33. Mnr M Booysen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid en Welstand se voorbereiding vir die bekendstelling van die Nasionale Veldtog om Immunisasies in te Haal vanaf 1 tot 30 November 2025; verder kennis neem dat die veldtog daarop mik om die immuniteitsgapings te verklein wat veroorsaak word deur inentings wat misgeloop word, ná 'n afname in die immunisasiedekking van babas na onder die provinsiale teiken van 95%, wat veroorsaak het dat talle kinders vatbaar is vir masels, polio, tuberkulose, witseerkeel, kinkhoes en klem-in-die-kaak; erkenning gee aan die Departement se voortgesette reaksie op 'n maselsuitbreking in Khayelitsha en sy proaktiewe grootskaalse immunisasiediens wat by skole, kleuterskole en gesondheidsorgfasiliteite verskaf word, sowel as kontakopsporing te midde van 'n toename in witseerkeelgevalle in die Kaapse metropolitaanse gebied; en die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid en Welstand aanprys vir sy voortgesette pogings om openbare gesondheid te beskerm, immunisasiedekking te verbeter en tropimmunitet in die provinsie te versterk.

Goedgekeur.

34. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die aanstelling van mnr Vasili Vass as die Stasiebestuurder van Fine Music Radio (FMR) met ingang 1 Oktober 2025; erkenning gee aan mnr Vass se eervolle loopbaan in radio en die media wat oor meer as drie dekades strek, insluitende sy leierskapsrol by Primedia Broadcasting en e.tv/eNCA, en sy instrumentele rol in die bekendstelling van eNCA, Suid-Afrika se eerste onafhanklike nuuskanaal; verder kennis neem van sy sterk akademiese agtergrond in Navorsingsielkunde aan die Rhodes-universiteit en sy lewenslange passie vir klassieke musiek; en mnr Vass gelukwens met sy aanstelling en hom en die span by Fine Music Radio voortgesette sukses toewens om Suid-Afrika se kultuur- en musiekerfenis te bevorder.

Goedgekeur.

35. Me W F Kaizer-Philander stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis mnr Kenneth Uren gelukwens met sy aanstelling as die nuwe Skoolhoof van die Primêre Skool Paulus Joubert; kennis neem dat mnr Uren, wat in die Paarl gebore en getoë is, in 1974 sy skoolloopbaan aan die Primêre Skool Paulus Joubert begin het, aan die Sekondêre Skool Paulus Joubert gematrikuleer het, en die afgelope 31 jaar 'n toegewyde onderwyser by die skool was; en mnr

Uren aanprys vir sy lewenslange toewyding tot onderwys, sy nederigheid en sy passie om leerders te inspireer om die lewe voluit te leef.

Goedgekeur.

36. Mnr D W Bryant stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis CapeNature en sy vennote by die Bewaarders van Seldsame en Bedreigde Veldblomme (“Custodians of Rare and Endangered Wildflowers” of CREW) gelukwens met die merkwaardige ontdekking van die *Erica cunoniensis*, ’n bedreigde plantspesie wat laas byna vier dekades gelede in die Kogelberg-natuurreservaat gewaar is; met waardering kennis neem van die toewyding en kundigheid van CapeNature-veldpersoneel – veral Leerlingveldwagter Sylvia Wolita wie se oplettendheid tot die ontdekking gelei het – en erkenning gee aan die belangrikheid van samewerking tussen wetenskaplikes en burgerlike bewaringsgesindes om biodiversiteit te beskerm; erkenning gee daaraan dat hierdie herontdekking die Wes-Kaap se internasionale belangrikheid herbevestig as deel van die Kaapse Floristiese Streek, ’n biodiversiteitsbrandpunt wat byna in geheel in die provinsie aangetref word; en CapeNature aanprys vir sy voortgesette leierskap om ons natuurlike erfenis te beskerm en toe te sien dat die seldsaamste spesies nie verlore gaan nie.

Goedgekeur.

37. Mnr D W Bryant stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die uitkomst van die Oudits vir Plaaslike Regering 2023/24, wat aandui dat 26 munisipaliteite in die Wes-Kaap ongekwalifiseerde oudits ontvang het, insluitende 20 wat skoon oudits behaal het, soos deur die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika bevestig; verder kennis neem dat die munisipaliteite wat skoon oudits behaal het, Berggrivier, Breedevallei, Kaap Agulhas, die Kaapse Wynlanddistrik, die Stad Kaapstad, Drakenstein, die Tuinroetdistrik, George, Hessequa, Langeberg, Matzikama, Mosselbaai, die Overbergdistrik, Overstrand, Saldanhabaai, Stellenbosch, Swartland, Swellendam, die Weskusdistrik en Witzenberg insluit; erkenning gee aan die pogings van munisipale amptenare en raadslede wie se werk bydra om hoë standaarde vir bestuurstoesig in die provinsie te handhaaf; en erkenning gee dat hierdie uitslae die waarde van doeltreffende toesig, finansiële omsigtigheid en die verantwoordelike bestuur van staatshulpbronne weerspieël.

Goedgekeur.

38. Mnr B N Ngqentsu stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe woede en hartseer kennis neem van die wrede moord op ’n 18-jarige jong vrou in Delft, wat agt keer in die kop geskiet is in wat die polisie glo ’n geteikende weerwraakaanval is; kennis neem dat hierdie gruwelike daad helder oordag plaasgevind het en die Delft-gemeenskap in diepe skok gelaat het, en die diepgaande en ongekontroleerde geweld in ons townships beklemtoon; verder kennis neem dat die slagoffer die dogter van ’n plaaslike taverne-eienaar was, wat na bewering geweier het om die sogenaamde “beskermingsgeld” te betaal wat kriminele sindikate eis; kennis neem dat hierdie moord simbolies is van die stygende plaag afpersingsnetwerke wat in gemeenskappe werksaam is, en intimidasie, dreigemente en geweld gebruik om nakoming af te dwing, en ’n omgewing van vrees skep wat wettige ondernemings en openbare veiligheid ondermyn; hierdie barbaarse gewelddadige misdaad ten sterkste veroordeel; ’n beroep doen op die Suid-Afrikaanse Polisiediens en alle toepaslike wetstoepassingsagentskappe om hul ondersoeke te versterk ten einde toe te sien dat die skuldiges vinnig in hegtenis geneem en vervolg word en om die afpersingsnetwerke te ontbloot wat gemeenskappe terroriseer; en verder die provinsiale regering aanspoor om onder steuning aan slag-

offers en gemeenskappe te verskaf wat deur afpersing geraak word, om voorkomende maatreëls in te stel en om toe te sien dat die oppergesag van die reg sonder aansien des persoons gehandhaaf word.

Goedgekeur.

39. Mnr B N Ngqentsu stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die vinnige en beslissende optrede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens aanprys wat op 'n gemeenskapswenk in Dunoon gereageer het, wat gelei het tot die inhegtenisneming van ses gewapende mans wat in besit van talle vuurwapens en ammunisie was; kennis neem dat die polisie se vinnige optrede en professionaliteit ongetwyfeld 'n moontlike tragedie verhoed het in 'n gemeenskap wat reeds deur misdaadbendes en afpersing geteister word; met diepe kommer kennis neem van die styging in misdade wat met afpersing verband hou in Kaapstadse townships, waar gewapende groepe inwoners en eienaars van sakeonderneming onder die voorwendsel van "beskermingsgeld" intimideer; kennis neem dat hierdie misdaadsindikate vrees in gemeenskappe gesaai het, plaaslike ekonomieë gedestabiliseer het en openbare veiligheid ondermyn het; kennis neem dat die inhegtenisneming van hierdie ses verdagtes die dringende behoefte aan voortgesette intelligensiegedrewe polisiëring en beter samewerking tussen wetstoepassing en plaaslike gemeenskappe toon; die toenemende invloed van afpersingsindikate ten sterkste veroordeel wat weerlose gemeenskappe deur middel van vrees en geweld uitbuit; 'n beroep doen op die SAPD, die Valke en die provinsiale Departement van Polisie en Gemeenskapsveiligheid om geteikende operasies te verskerp, om sigbare polisiëring in gebiede met 'n hoë risiko, soos Dunoon, te verhoog, en om toe te sien dat diegene wat in hegtenis geneem word, vinnige vervolging en die maksimum straf onder die reg in die gesig staar; verder die provinsiale regering aanspoor om forums vir gemeenskapsveiligheid en programme vir buurtwagte uit te brei, en inwoners te bemagtig om misdaad aan te meld sonder vrees vir vergelding; en die dapper inwoners van Dunoon aanprys wie se waaksaamheid en moed om die verdagte aktiwiteit aan meld, 'n baie belangrike rol gespeel het om moontlike bloedvergieting te voorkom.

Goedgekeur.

Me P Z Lekker stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die beroep deur Women for Change vir landwyse protesoptrede op 21 November 2025, wat gemik is op 'n betoging teen die voortslepende vlaag van geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord in Suid-Afrika; kennis neem dat die beweging saam met die G20-leiersberaad val en internasionale aandag wil vestig op die geweld wat vroue en LGBTQI+-persone daagliks in ons land in die gesig staar, en 'n krisis beklemtoon wat dringende en sistemiese ingryping verg; erkenning gee dat vrouemoord krisisvlakke bereik het, aangesien agt vroue reeds hierdie week in die provinsie vermoor is; kennis neem dat die stadige pas van geregtigheid, saam met onvoldoende reaksie deur die regering, voortgaan om openbare woede te vererger en 'n klimaat van vrees in gemeenskappe bevorder; kennis neem dat die beplande landwyse protesoptrede 'n gesamentlike eis vir dringende optrede weerspieël, insluitende dat geslagsgebaseerde geweld amptelik as 'n nasionale ramp verklaar word, en dat hulpbronne gemobiliseer word om hierdie vlaag beslissend aan te pak; die wrede en sistemiese geweld wat vroue en kinders toegedien word, ten sterkste veroordeel; 'n beroep doen op die nasionale regering, die SAPD en die Wes-Kaapse Regering om hul pogings te verskerp deur middel van polisiëring, beter ondersteuningsdienste vir slagoffers, swaarder strawwe vir oortreders en versterkte vennootskappe met burgerlikesamelewingsorganisasies; verder sy eensgesindheid uitspreek met alle vroue, meisies en organisasies wat aan die protesoptrede

deelneem; en sy onwrikbare steun herbevestig aan die stryd om geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord in die Wes-Kaap en in Suid-Afrika te beëindig, met erkenning dat betekenisvolle verandering volgehoue toewyding van alle regeringsfere en die burgerlike samelewing verg.

Goedgekeur.

40. Me P Z Lekker stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die onlangse pogings van die Suid-Afrikaanse Polisiediens in die Wes-Kaap hartlik verwelkom en aanprys, wat tot 26 inhegtenisnemings in drie dae as deel van Operation Lockdown III gelei het, en bende-verwante misdaad in gevaarpunte geteiken het, insluitende Manenberg, Elsiesrivier, Kensington, Wynberg, Lenteguur en Delft; kennis neem dat die inhegtenisnemings aanklagte vir die besit van ongelisensieerde vuurwapens en ammunisie, gekaapte voertuie, dwelmhandel en ander bende-verwante misdade ingesluit het, wat die doeltreffendheid van intelligensiegedrewe en gekoördineerde polisiëring toon om misdaadaktiwiteite te vermindder en gemeenskappe te beskerm; verder kennis neem dat operasies, soos Operation Lockdown III, noodsaaklik is om bendestrukture te ontwig, misdaadnetwerke af te breek en 'n veiliger omgewing vir inwoners te skep; en 'n beroep doen op die provinsiale regering en die SAPD om operasies met 'n hoë impak in bendegevaarpunte te volhou, om suksesvolle vervolgings te verseker, om sigbare polisiëring te handhaaf en om vennootskappe vir wets-toepassing in gemeenskappe deur middel van wenke, buurtwagstrukture en gemeenskaps-polisiëringsforums te versterk.

Goedgekeur.

41. Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis, in die gees van Afrika-eenheid en eensgesindheid, die 50ste herdenking van die onafhanklikheid van die Republiek van Angola herdenk, wat op 11 November 1975 verklaar is, en die einde aandui van eeue van Portugese koloniale bewind; kennis neem dat Angola se nuut verwerfde onafhanklikheid onmiddellik deur buitelandse inmenging bedreig is, insluitende die inval deur die apartheidsbewind van Suid-Afrika, wat deur die Verenigde State gesteun is, ter ondersteuning van rebellebewegings teen die regmatige regering onder leiding van die People's Movement for the Liberation of Angola of MPLA; verder kennis neem van die heldhaftige daad van internasionale solidariteit wat deur Kuba getoon is, wat tienduisende troepe gestuur het om Angola se soewereiniteit te verdedig, en deur die Sowjetunie (Rusland) en vryheidsbewegings in Afrika, insluitende ons eie in Suid-Afrika, ondersteun is; onthou dat die Slag van Cuito Cuanavale (1987-1988) 'n geskiedkundige omkeerpunt in die bevrydingstryd in Suidelike Afrika was, 'n oorwinning wat direk tot die onafhanklikheid van Namibië en die uiteindelijke vernietiging van apartheid in Suid-Afrika bygedra het; hulde betoon aan die mense van Angola vir hul moed, veerkragtigheid en opoffering in die aangesig van aanvalle, en die nagedagtenis vereer van almal wat hul lewe gegee het ter verdediging van vryheid en selfbeskikking; verder erkenning gee dat die bande van eenstemmigheid wat tussen Suid-Afrika, Angola en Kuba in die stryd gevorm is, steeds 'n hoeksteen vir toenemende internasionalisme is en 'n bewys is van die krag van eenheid tussen mense wat onderdruk word; en dus 'n beroep doen op hierdie Huis om Angola se 50 jaar van onafhanklikheid te vier en om Suid-Afrika se toewyding aan Afrika-eenheid, soewereiniteit en geregtigheid te herbevestig, terwyl ons steeds streef na 'n vasteland wat vry is van buitelandse oorheersing, uitbuiting en onderdrukking.

Goedgekeur.

42. Me R Windvogel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat die jaarlikse veldtog vir die 16 Dae van Aktiwisme vir Geen Geweld teen Vroue en Kinders op 25 November sal begin, en saam met die Internasionale Dag vir die Uitwissing van Geweld teen Vroue val; kennis neem dat hierdie internasionale veldtog, wat sedert 1998 in Suid-Afrika herdenk word, bewusmaking wil skep en gesamentlike optrede wil aanvuur om die vlaag van geslagsgebaseerde geweld te beëindig, wat steeds een van die vernietigendste menseregteskendings in ons land is; verder met diepe kommer kennis neem dat Suid-Afrika steeds onaanvaarbare hoë syfers geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord ervaar, met vroue en kinders, veral in arm en gemarginaliseerde gemeenskappe, wat die ergste onder mishandeling, verwaarloosing en sistemiese versuim ly; kennis neem dat die volharding van hierdie misdade 'n morele, maatskaplike en institusionele krisis verteenwoordig wat die grondwetlike waardes van waardigheid, gelykheid en vryheid vir almal ondermyn; dus 'n beroep doen op dringende, gekoördineerde en volgehoue optrede in alle regeringsfere, die burgerlike samelewing en die privaat sektor om maatreëls vir voorkoming, beskerming en vervolging te versterk – dit sluit in om ondersteuningsdienste vir slagoffers te verbeter, om toe te sien dat die gereg oortreders vinnig aan die pen laat ry, en om in opvoedkundige en maatskaplike programme te belê wat die toksiese kultuur van patriargie en geweld uitdaag wat geweld in ons gemeenskap aanvuur; en erkenning gee en hulde betoon aan die onvermoeide werk van organisasies vir vroueregte, gemeenskapsaktiviste, maatskaplike werkers en wetstoepassingsbeamptes wat, dikwels onder moeilike omstandighede met beperkte hulpbronne, steeds vir geregtigheid en die veiligheid vir vroue en kinders veg.

Goedgekeur.

43. Me R Windvogel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe verontwaardiging en hartseer kennis neem van die wrede moord op twee mans en een vrou in Montclair, waar twee van die slagoffers in 'n voertuig gevind is en die derde slagoffer in die katebak ontdek is; kennis dat hierdie afgryslieke gewelddemisdad die voortslepende en diep gewortelde krisis van geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord beklemtoon wat voortgaan om ons land te teister en families en gemeenskappe vernietig; hierdie wrede daad ten sterkste veroordeel; 'n beroep doen op die Suid-Afrikaanse Polisie diens om prioriteit te gee aan die ondersoek, om die skuldiges sonder vertraging vas te trek en om toe te sien dat geregtigheid seëvier; en verder 'n beroep doen op die provinsiale Departement van Polisie toesig en Gemeenskapsveiligheid om pogings te versterk om vroue te beskerm en om gemeenskapsgebaseerde ingrypings te versterk wat daarop gemik is om geslagsgebaseerde geweld te voorkom.

Goedgekeur.

44. [15:51] EERSTE ORDER

Oorweging van verslag van die Staande Komitee oor die Premier en Grondwetlike Aangeleenthede oor die Wysigingswetsontwerp op die Bestuur van Staatsadministrasie ("Public Administration Management Amendment Bill") [W 10B–2023] (NRVP), gedateer 24 Oktober 2025 (sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, no 116, gedateer 12 Oktober 2025, bl 425). (Bekragtiging van finale mandaat.)

Verslagverklarings namens die ANC, PA en DA.

Vraag gestel: Dat die verslag van die Staande Komitee oor die Premier en Grondwetlike Aangeleenthede aangeneem word.

Vraag goedgekeur.

Die verslag is dus aangeneem.

45. [16:00] TWEEDE ORDER

Oorweging van verslag van die Staande Komitee oor die Premier en Grondwetlike Aangeleenthede oor die Staatsdienswysigingswetsontwerp (“Public Service Amendment Bill”) [W 13B–2023] (NRVP), gedateer 24 Oktober 2025 (sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, no 116, gedateer 12 November 2025, bl 425) (Bekragtiging van finale mandaat.)

Verslagverklarings namens die ANC, PA, GOOD en DA.

Vraag gestel: Dat die verslag van die Staande Komitee oor die Premier en Grondwetlike Aangeleenthede aangeneem word.

Vraag goedgekeur.

Die verslag is dus aangeneem.

46. [16:08] DERDE ORDER

Oorweging van verslag van die Staande Komitee oor Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning oor die Wetsontwerp op die Onafhanklike Munisipale Afbakeningsoowerheid (“Independent Municipal Demarcation Authority Bill”) [W 14D–2022] (NRVP), gedateer 3 November 2025 (sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, no 116, gedateer 12 November 2025, bl 426). (Bekragtiging van finale mandaat.)

Verslagverklarings namens die ANC, PA, VF Plus, NCC, ACDP, Al Jama-ah, GOOD en DA.

Vraag gestel: Dat die verslag van die Staande Komitee oor Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning aangeneem word.

Vraag goedgekeur.

Die verslag is dus aangeneem.

48. Die Huis verdaag om 16:16.

Ressida K Begg
Sekretaris van die Provinsiale Parlement